**Ds. PJ Kriel**
**NG KERK LEVUBU**

# Geloofsonderrig in die evangelie en die wet

Die liefde wat die Here vir ons het en die liefde wat ons vir God het: die evangelie en die wet.

**GELOOFSONDERRIG KORT OPSOMMING**

**1.WOORD VAN GOD BESTAAN UIT TWEE DELE:**
**→ dit is God se liefde vir ons en ons liefde vir God.**

**Die Evangelie en Die Wet**

**→ Die wet.**
  **→ <u>Samevatting van wet</u>: Tien Gebooie (Exodus 20)**

**→ Die Evangelie.**
  **→ Samevatting: Romeine 1: 1-6 en geloofsbelydenis**

**EVANGELIE DOEN DRIE DINGE:**
**→ Red sonder die wet.**

**→ Regeer sonder die wet.**

**→ Maak die ou wet 'n nuwe wet.**

**2. REDDING IS DEUR EVANGELIE SONDER DIE WET**

**Voorbeeld : gee jou selfoon vir die Here**

**3. REGEER IS DEUR EVANGELIE SONDER DIE WET.**

**Twee hande voorbeeld**
**Regterhand sonder linkerhand**

**Twee hande voorbeeld**
**Regterhand sonder linkerhand**

**4. EVANGELIE MAAK DAT DIE WET NUUT.**

**Nou is daar twee maniere waarop die Tien Gebooie werk: die ou manier en die nuwe manier: 1 Joh. 2: 7 en 8; Rom. 8:2**

**Twee hande voorbeeld**
**Linkerhand wys waarheen, nie ingesig**

**Voorbeeld God is Afrigter met die nuwe wet en Skeidsregter met die ou wet.**

**5. VERLOSSING EN BEKERING.**

→ **Verlos deur die evangelie en verlore deur die wet.**

→ **Twee soorte bekerings tot God in verlossing. Jeremia en Klaagliede 5:22**
- → **Bekering na Christus weg van wet: geloof is bekering.**
- → **Bekering weg van sonde na nuwe wet: geloofsgehoorsaamheid.**

→ **Voorbeeld van aarde se twee soorte draaie om die son.**

→ **Verlore in sonde: afgodsdiens draai nie na God, maar weg van God.**

→ **Die nuwe soort bekering in afgodsdiens: geestelikes bekeer God om mense vas te vang.**

**5. DIE EVANGELIE MAAK ONS WEER BEELD VAN GOD.**

**Ons is God se beeld: Ons behoort aan Hom, ons lyk nie soos Hy nie.**

**God is ons beeld: God behoort aan ons; lyk soos ons; ons sit hom waar ons wil; ons maak met hom wat ons wil**

**Timoun-beeltjie**

**Genesis 1: 26 en 27; Jesaja 44; Romeine 1: 18 – 25.**
**Die ou hart van die mens, sy nuwe natuur is reggedraaide beeld,**
**en die ou hart van die mens, sy sondige natuur, is verkeerd gedraaide beeld.**

**6. SONDE IS VERDRAAIDE OPVATTINGS: SONDIGE BEGEERTES IS LIEFDE!**

**Verdraaide opvattings maak sonde gehoorsaamheid aan die Here**

**Jaloesie is – gee my 'n drukkie**

**Romeine 1: 26- 32**

**7. DIE EVANGELIE, JESUS CHRISTUS, MAAK DIE BELOFTES VAN GOD WAAR.**

**Die verskil tussen 'n verbondsverhouding met God en 'n persoonlike intieme verhouding met God.**

**Die verbond bestaan uit:**
**die Dawidsbeloftes en**
**die Abrahamsbeloftes.**
**2 Samuel 7:11 – 16;**

**Jesus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar, sodat Hy die Abrahamsbeloftes vir ons kan waarmaak. Esegiël 36:24 -**

**Afgodsdiens: Jesus maak die begeertes van mense waar omdat hulle Jesus koning maak.**

**8. DIE EVANGELIE: JESUS IS WERKLIK MENS EN GOD VANDAG.**

**<u>Syne is myne en myne is Syne</u>:**
**Ons word <u>verenig</u> met Jesus as mens:**
**Hy deel in ons sonde en ons deel in sy gehoorsaamheid.**
**Ons word met God <u>versoen</u>:**
**God behandel Christus as sondaar in ons plek en ons as Kinders in sy Seun se plek. 2 Kor. 5: 19 -21.**

**Afgodsdiens: Jesus is 'n mens wat een geword het met God se goddelikheid omdat Hy sy eie menslikheid opgegee het.**
**Jesus verenig ons met God se goddelikheid sodat God se krag, Naam, lewe en wil ons eie krag, naam, wil en lewe ons eie word.**
**God versoen Hom met ons sondige aard om een met God te wil wees.**

**9. JESUS IS GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA**

**God is ons barmhartig:**
**Jesus se heiligheid is myne en my onheiligheid is Syne.**

**Lukas 1: 35; Kol. 1: 22 en Hebreërs 2:10**

**Was, stryk en maak heel voorbeeld**

**Afgodsdiens: Wedergeboorte is God wat weer binne in ons gebore om God binne in ons te wees.**

**11. JESUS HET GELY ONDER PONTIUS PILATUS.**

**God is ons genadig**
**Jesus se vryheid is myne en my oordeel is Syne.**

**PA wat praat is lyding, nie pak slae: voorbeeld**

**Johannes 18: 28 – 38; 19: 4- 11; Romeine 8: 1, 31 – 39.**

**Afgodsdiens: Ons moet ons self veroordeel vir wat ons as mens is, sodat ons een met God se Persoon kan word.**

**12. JESUS IS GEKRUISIG.**

**God is vir goed**
**Jesus se seën is myne en my vloek is Syne**

**Josef se voorbeeld**

**Afgodsdiens: Ons moet onsself voor God slegmaak sodat ons een kan wees met God se goedheid.**

**Galasiërs 3: 6 – 14.**

**13. JESUS HET GESTERF.**

**God is ons gunstig**
**Sy beloning is myne en my straf is Syne.**

**Offer is 'n boete waarvoor jy niks kry nie**

.

**Afgodsdiens: ons moet ons eie wil doodmaak en self as niks sien sodat God se wil ons eie goddelike wil kan word.**

**Hebreërs 7: 25 – 28; 10: 1-18.**

**14. JESUS IS BEGRAWE:**

**God is lankmoedig met ons**
**Jesus se vrede is myne en my vyandskap is Syne**

**By wie se begrafnis wil jy graag wees – jou vyand s'n**

**Afgodsdiens: ons met teen ons self vyandig wees sodat ons een met God se goddelike vrede kan wees.**

**Kolossense 2: 12; Romeine 6: 4.**

**15. JESUS HET TER HELLE NEERGEDAAL:**

**God het ons lief**
**Jesus se Seunskap is myne en my verwerping is Syne.**

**Twee uitroepe: My God, my God waarom het U my Verlaat !en Abba, ons Vader!**

**Afgodsdiens: Ons moet onsself verwerp en minag sodat ons een met God in sy goddelike liefde kan wees.**

**Matteus 27:4, Ps. 22; Galasiërs 4: 6**

**16. JESUS HET OPGESTAAN:**

**God is getrou**
**Ons word in Jesus se heilige lewe ingelyf en Hy word in ons sondige lewe ingelyf.**

**Kolliehond en wilde hond voorbeeld**

**Afgodsdiens: Ons mag niks meer van onsself wees nie sodat God alles wat Hy as God is deur ons kan wees.**

**Romeine 6: 6 -10.**

**17. JESUS HET OPGEVAAR NA DIE HEMEL"**

**God is altyd God met ons**
**Alles van Jesus in die hemel is myne en alles van my op aarde is Syne in die hemel.**

**Columbus se ontdekkingsreis bring alles oor die see**

.

**Afgodsdiens: Ons mag niks meer in ons eie krag doen nie sodat ons met die krag van God vervul kan word.**

**18. JESUS SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD:**

**God ontferm Hom oor ons en regeer ons deur sy liefde**
**Jesus staan in ons plek onder die wet en ons staan in sy plek in die Vader se liefde.**

**Regeer in ouerhuis of verbeteringsskool**

**Afgodsdiens: Jy mag nie meer in beheer van jou eie lewe wees nie sodat God jou kan bekeer.**

**Handelinge 33 – 36; Hebreërs 1:3, 2: 14 -18.**

**19. JESUS KOM OM WEER TE OORDEEL:**

**God is regverdig**
**Jesus se verheerliking is myne en my vernedering is Syne.**

**Voorbeeld ons het die gawe van die toekoms ontvang: geregtigheid.**

**20. GELOOFSGEHOORSAAMHEID**

**Christus skep vir ons 'n nuwe manier om gehoorsaam te wees aan die gebooie van God: geloofsgehoorsaamheid: gehoorsaam sonder enige skuld en oordeel oor sonde. Die ou manier is wetsonderhouding: skuld en oordeel vir sondes**

**Romeine 1: 5 en 16:26.**

**→DIE NUWE WET WERK OP DRIE NUWE MANIERE**

**→ Navolging van Christus. Ons gehoorsaam die Tien Gebooie sommer, sommer net omdat God God is. Ons kry geen beloning of straf vir ons gehoorsaamheid nie. Lukas 18:18.**

**→ Kruisdra. Ons kies om die moeilike Tien Gebooie te gehoorsaam nie die maklike gebooie van mense nie, omdat die Here alle swaar van sondestraf en eise om aanvaar te word gedra het. Voorbeeld gewone wiskunde of wiskunde geletterdheid. 1 Petrus 4: 1-6.**

**Christus maak die ou Tien gebooie die maklike Tien gebooie waarmee ons graag met trots sukkel.**

**Afgodsdiens maak maklike menslike wettiese reëls in die plek van God se gebooie**

**→ Selfverloëning. Dit is om te ontken dat jy die mens is wat gestraf moet word, veroordeel moet word, aangekla moet word, vervloek moet word vir doen sonde wat jy self gedoen het. Dit is om te ontken dat jy self die Gebooie so moet gehoorsaam dat jy vir God heilig, regverdig, onskuldig en goed is. Wanneer jy dit doen in die geloof, dan verbind jy jouself weer aan die wet as die wyse waarop jy God en jou naaste liefhet. Voorbeeld afrigter en skeidsregter. 1 Joh. 5: 2- 5 en Ps. 119**

**Navolging: gehoorsaam sommer net**
**Kruisdra: Sukkel met maklike wet**
**Selfverloëning: gehoorsaamheid aan wet is ons liefde vir God en ons naaste.**

**Navolging: Om een te wees met God se goddelikheid**
**Kruisdra: Om verantwoordelikheid van wet te ontduik.**
**Selfverloëning: selfhaat en self ontkenning**

**21. → DIE OU WET: WET VAN SONDE EN DOOD.**

**→ Wet gee sondaars krag om sonde te doen.**

**Koekie voorbeeld**

**1 Kor. 15: 56; Romeine 7: 7 en 11;**

**Dit maak die verskil tussen WARE KERK, VALSE KERK en SATANISME.**

**Daar is net twee kerke:**
**die ware en die valse kerk.**
**Die valse kerk maak of daar**
**drie kerke is – met Satanisme.**

**Die valse kerk skep Satanisme as hul manier om mense deur die bekerings volgens die wet te red.**

**22. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**VRYHEID IN MIDDELMATIGE SAKE**

| GELOOFSGEHOORSAAMHEID | WETSONDERHOUDING |
|---|---|
| **Die koninkryk van die Here gaan oor twee belangrike sake: geloof in die evangelie en gehoorsaamheid aan die nuwe wet.**<br><br>**Met middelmatige sake is daar geen reëls en kan jy doen wat jy wil solank jy glo en liefhet.** | **Omdat hulle met die ou wet werk en nie die evangelie of die nuwe wet word alle middelmatige sake, net so belangrik soos die wet en die evangelie.** |
| **Die Tien Gebooie is God se drank-, kleredrag- musiek, mode- en ontspanningsreëls. Romeine 14: 1 – 18.** | **Hulle maak vir al hierdie gawes altyd spesiale geestelike reëls.** |

**23. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**SEREMONIES**

| GELOOFSGEHOORSAAMHEID | WETSONDERHOUDING |
|---|---|
| **Christus skaf alle prentjie wette af en oefen ons met die maklike wet in lewensvaardighede.** | **Afgodsdiens maak prentjie wette van God en oefen in geestelike toertjies** |

**Ons mag nooit weer prentjies maak van die evangelie nie.**

> **Voorbeelde: houtkruis voor in kerk waarop papiertjies met sondes vasgesteek word; hand wat in doopbak gesteek moet word wanneer jy belydenisaflê; Kerse opsteek om die Heilige Gees se teenwoordigheid aan te voel; Houtkruis in strate rondstoot. Dominee met serpe en gekleurde gewade.**

**Foto op selfoon voorbeeld. Kolossense 2 verse 1- 19.**
**Dolfyntjie voorbeeld.**

**24. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**GETUIG**

**Christus**
**1. laat ons openlik ons geloof bely – ons praat oor wat Hy doen: Syne is myne en myne is Syne.**
**2. Laat ons lewe 'n nuwe gehoorsaamheid wys.**

**Afgodsdiens**
**1.laat ons openlik Privaatsondes bely en grootpraat oor wat ons vir God doen.**
**2. laat ons God uitbeeld in ons lewe vir ander mense.**

**2 Kor. 10 -12 en Matteus 5: 16.**

**Christus bou en versamel sy kerk deur getuienis, sakramente en tug, nie deur die lewe van gelowiges nie.**

**Geestelikes versamel hul eie kultus deur mense wat God in hulle lewe uitbeeld: Jy moet Jesus in hulle lewe raaksien.**

**Voorbeeld: boot wat eers toegerus moet word voor hy geloods moet word en personeel se toerusting. Handeling 2: 4 en die boek Handelinge.**

**25. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**SAKRAMENTE: NAGMAAL en DOOP.**

**Tekens van die Evangelie**

**Nagmaal is teken van Syne is myne en myne is Syne.**
**1 Kor. 11: 23 – 25, 27 – 29.**

**Doop is teken wat die Here as mens in die hemel dra dat Hy ons sondes deel en ons doop is teken dat ons alles wat**

**Teken van mense se geestelikheid.**

**Nagmaal is godemaaltyd waarin mense die fees vier om deel van God se goddelikheid te wees.**
**1 Kor. 10: 18 – 22.**

**Doop is vir afgodsdiens altyd 'n teken van hulle bekering. Hulle sê hulle word soos Jesus gedoop**

**Hy vir ons gedoen het deel: Syne is myne en myne is Syne: Matteus 3: 14, 15 en Romeine 6: 3 en Kol. 2: 1:12.**

**maar Jesus se doop was nie 'n bekeringsdoop nie.**

**Koevert voorbeeld; Kalfie voorbeeld.**

**26. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**BEKERING**

| GELOOFSGEHOORSAAMHEID | WETSONDERHOUDING |
| --- | --- |
| **Eerste bekering is wegdraai van die Wet na Christus, tweede bekering is wegdraai van sonde, na wet: soos aarde om son en eie as.** | **Afgodsdiens maak die eerste bekering 'n wegdraai van Christus na die wet, en die tweede bekering 'n eie wentelbaan net soos die Here - dit is soos 'n verskietende ster.** |

**Eerste bekering: Handelinge 2:38. Filippense 3: 7 – 15. Uit geloof tot geloof.**
**Tweede bekering Uit liefde tot liefde: Efesiërs 4: 20 24.**

**Bekering het twee dele:**

**Afsterwe van ou mens.**
Erken en berou uit liefde oor God vertoorn het.
Haat en wegvlug van sonde uit liefde.

**Opstanding van nuwe mens.**
Innerlike vreugde in God se wil uit liefde
Lus en liefde in die goeie werke van nuwe wet

**BEKERING IN AFGODSDIENS.**

**Afsterwe van jou menslikheid**
Jy moet erken dat jy verlore is, jy onder die woede, toorn, en haat van God leef.
Jy moet jouself: jou eie- ek as mens haat en van jouself as mens afstand doen: jy moet jou eie – ek, jou hart en lewe vir God as offer opgee.

**Opstanding van God in jou.**
Jy moet jou self vir God oopmaak, God in jou lewe toelaat, die beheer van jou lewe aan God oorgee, God op die troon van jou hart sit en dan sal god sy goddelike lewe in en deur jou uitleef: Hy sal jou deel maak van sy goddelike krag, mag, lewe Naam en wil

**27. GELOOFSGEHOORSAAMHEID WETSONDERHOUDING**

**GEBED**

**Om God te vereer en aan te roep vir sy verbondsbeloftes wat Jesus waargemaak het.** **.**

**Om een met God in se goddelikheid te te word en God se goddelikheid in die wêreld te demonstreer en sy krag vry te stel.**

**Matteus 5: 6 – 13.**

**28. DIE BEDOELING VAN DIE GEBOOIE EN DIE EVANGELIE.**

**Die eerste gebod: teenwoordigheid**
"Jy mag naas My geen ander gode hê nie."

Die bedoeling van hierdie gebod is dat God ons geskep het om saam met Hom te wees in sy skepping. Hierdie saamwees met God in sy skepping beteken dat God sy **teenwoordigheid** met ons deel sodat ons in sy teenwoordigheid leef.

Afgodsdiens se bedoeling is om God afwesig te maak vir ons sodat ons uit sy teenwoordig weg kan wees.

**Die tweede gebod: duidelikheid**
[4] "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

Die bedoeling van hierdie gebod is dat God ons so geskep het dat ons duidelik kan hoor wat Hy as God vir ons sê en ons presies weet wat Hy vir ons sê wat om te doen.

Afgodsdiens is om jou te verbeel wat Hy sê in plaas daarvan om te hoor en te doen wat Hy baie duidelik sê

.

**Die derde gebod: toeganklikheid**
1.[7] "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

Bedoeling van die gebod: God is heeltemal anders as mense en Hy maak dat ons na Hom toe kan gaan: Hy is toeganklik.

Afgodsdiens: ons moet God se nabyheid in ander mense beleef

**Die vierde gebod: openbare diens**
[8] "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.

.Bedoeling van die gebod: God is openlike Here van alles – daarom moet ons God altyd orals openlik – dien.

.

Afgodsdiens: Ons ervaar God elkeen op ons eie manier en God moet heimlik gedien word

**Vyfde gebod:gesag**

[12] "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee

Bedoeling: God gee gesag aan mense as 'n middel waardeur Hy mense in sy diens bestuur.

Afgodsdiens: gesag is iets wat ons aan mense gee wie ons voel dit verdien

**Sesde gebod: lewe**

. [13] "Jy mag nie moord pleeg nie.

Bedoeling: Alleen God is die bron van menslike lewe – net Hy beskik oor lewe en dood.

Afgodsdiens: lewe is iets wat mense self het en daaroor kan besluit soos dit hulle pas

**Sewende gebod: gemeenskap**

[14] "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

Die huwelik is 'n instelling van God waarin man en vrou saam in 'n nuwe eenheid verbind word waar hulle een persoon, een in gemeenskap en een in lewe is daarom is: die intieme, persoonlike en seksuele gemeenskap van man en vrou is die wyse waarop hierdie eenheid deurleef en uitgeleef word.

In Afgodsdiens: Mense glo die huwelik is 'n menslike kontrak vir die gerief, die plesier, die rustigheid of seksuele behoeftes van die mens

**Agtste gebod: besit**

[15] "Jy mag nie steel nie.

Afgodsdiens: besittings is goed wat 'n mens kan kry waardeur jy gemakliker kan leef.

Bedoeling: God versorg ons en rus ons toe met sy gawes en geleenthede sodat ons Hom kan dien in sy ontwikkeling van die skepping: dit is die waarde van ons besittings

**Negende gebod: bestemming en waarheid**
[16] "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

Bedoeling: God gee ons ons plek en bestemming in sy raadsplan met sy skepping: dit is wat waarheid beteken.

Afgodsdiens: ons gee vir God plek en betekenis in ons lewe

**Tiende gebod: volkomenheid en vergenoegdheid.**
[17] "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

Bedoeling: God versorg ons volmaak in sy voorsienigheid in goed en kwaad

Afgodsdiens: God wil vir ons meer wees en gee as wat ons het

**29. MODERNE CHRISTELIKHEID.**

**Afgodsdiens vandag is moderne Christelikheid.**

**Hulle glo in god se liefde nie en het God ook nie volgens sy wet liefde nie: hulle vereenselwig hulle met God se goddelikheid. Wat vir die kerk die bedoeling van alle sonde is, om soos god te wees, Genesis 3: 5, word in hierdie moderne Christelikheid voorgehou as die bedoeling van evangelie en die wet van die Here.**

**Hulle wil hulle self so in God inleef dat God sy krag, sy liefde, sy besluite, sy wil, sy lewe en persoon deur hulle sal uitleef.**

**Hulle het altyd drie stappe van bekering om 'n mens te word wat volkome met God een geword het.**

**Stap een is om deur 'n bekering gered te word: hulle glo nie in die evangelie wat jou sonder die wet red nie. Stap een is dan eintlik m God in jou lewe in te nooi. Dit beteken jy moet begin om jou met god te identifiseer.**

**Stap twee is om met die krag van God se goddelikheid volgemaak te word. Hulle glo jy word ’n beter en sterker Christen wanneer god sy goddelik krag in jou uitsort en deur jou uitleef.**

**Stap drie is wanneer hulle jou oortuig om ’n uitbeelding van God te word. Hulle noem dit getuienis maar dit is om die beeld van God om te draai. Jy moet nie meer aan God behoort nie, jy moet God in jou lewe so uitbeeld dat mense “Jesus”in jou lewe kan raaksien.**

**Wanneer jy hierdie drie stappe in jou lee geneem het dam word jy en God op so manier een dat jy die volgende afgodsdiens moet glo as die waarheid:**

- my gevoel moet die Here se liefde wees,
- my idees moet die Here se planne wees,
- my wil moet die Here se stem binne in my wees,
- my erotiese drifte moet die Here se innigheid met my en ander wees,
- my eie magsfantasieë moet die Here se drome wees,
- my eie optredes moet die Here se krag wees,
- my eie visie vir my lewe moet die Here se roeping vir my wees,
- my eie doelwitte in die lewe moet die Here se sending en uitreik in die wêreld wees ,
- my eiemagtigheid moet die Here se koninkryk wees,
- my eie gemoedelikheid en samesyn met mense moet die Here se intimiteite wees,
- my eie selfbewussyn moet die Here se teenwoordigheid by my wees,
- my eie selfkennis moet die die Here se openbaring aan my wees,
- my eie medemenslikheid moet die Here se kerk wees,

Wanneer jy hierdie afgodsdiens glo, word die dominee of die een wat jou bekeer het, jou geestelike bestuurder. Hy sal jou so bestuur dat hy jou altyd sal laat glo hierdie eenheid tussen jou en God is regtig.

**Dit is hierdie moderne Christelikheid wat vandag in die kerk altyd alles oor die Here en sy Woord verdraai.**